


SAAM VORENTOE | MASIYE PHAMBILI | FORWARD TOGETHER

# Gids vir NUWELINGE

2021

www.sun.ac.za/welkom

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

## HET JY DIT OP JOU SELFOON GESTOOR?

## NOODNOMMERS VIR STUDENTE OP STELLENBOSCH-KAMPUS

| | |
|---|---|
| SSVO 24-Uur-Krisisdiens | 010 205 3032 / 082 557 0880 |
| Studentegemeenskappe (SSG) | 021 808 2848 |

**Risikobestuur en Kampussekuriteit:**

| | |
|---|---|
| • Opskamer vir algemene navrae en aanmelding van risiko's | 021 808 4666 |
| • **24-Uur-Noodlyn** vir rapportering van gevaar en ernstige insidente | 021 808 2333 |
| Die Ombudsman | 082 807 2994 |
| Polisieblitspatrollie | 10111 |
| Ambulans | 084 124 (ER24)<br>082 911 (Netcare) |
| Medi-Clinic noodeenheid (24-uur) | 021 861 2000 |

## BELANGRIKE NOMMERS: STELLENBOSCH-KAMPUS

| | |
|---|---|
| Algemene Navrae / Kliëntediens | 021 808 9111 |
| Akademiese Belangeraad (ABR) | 021 808 2493/2491 |
| Beurse en Lenings | 021 808 9111 |
| Biblioteeknavrae | 021 808 4380 |
| Connect-kantoor | 021 808 3632 |
| Fasiliteitsbestuur | 021 808 4666 |
| Kaapse Instituut vir Landbouopleiding: Elsenburg | 021 808 5453 |
| Kampusgesondheidsdienste | 021 808 3494/3496 |
| Korporatiewe Kommunikasie | 021 808 4977 |
| Maatskaplike werker | 021 808 4994 |
| Maties Sport | 021 808 4642 |
| Ombudsman | 082 807 2994 |
| Primkomitee | 021 808 2493/2491 |
| Risikobestuur en Kampussekuriteit | 021 808 4666 |
| Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) | 021 808 2848 |
| Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSEOB) | 021 808 2312 |
| Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) | 021 808 4707 |
| Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSWL) | 021 808 4709 |
| Studentegelde | 021 808 4521 |
| Studentesake | 021 808 4585 |
| Stellenbosch Studenteraad (SR) | 021 808 2493/2491 |
| Taalsentrum | 021 808 2167 |
| Toelating | 021 808 9111 |
| US Gimnasium | 021 808 9133 |
| Verenigingsraad | 021 808 2493/2491 |

## NOODNOMMERS VIR STUDENTE OP TYGERBERG-KAMPUS

| | |
|---|---|
| Maties ER24 (ambulans of berader) | 010 205 3032 |
| Studentesake | 021 938 9461 |
| Risiko-dienste en Kampussekuriteit | 021 938 9507 |
| Die Ombudsman | 082 807 2994 |
| Polisieblitspatrollie | 10111 |
| Gifinligtingsentrum | 086 155 5777 |
| Tygerberg Hospitaal | 021 938 4911 |

## BELANGRIKE NOMMERS: TYGERBERG-KAMPUS

| | |
|---|---|
| Alle Navrae | 021 938 9111 |
| Adjunkregistrateur | 021 938 9379 |
| Akademiese Belangeraad (TABR) | 021 938 9591 |
| Bemarkingskantoor | 021 938 9202 |
| Beurse en Lenings | 021 938 9458/9129 |
| Biblioteeknavrae | 021 938 9368 |
| Kampusgesondheidsdienste | 021 938 9590 |
| Maties Sport | 021 938 9468 |
| Ombudsman | 082 807 2994 |
| Risikobestuur en Kampussekuriteit | 021 938 9507 |
| Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) | 021 938 9590 |
| Tygerberg Gimnasium | 021 932 2888 |
| Tygerberg Hospitaal | 021 938 4911 |
| Primkomitee | 021 938 9591 |
| Studentesake | 021 938 9461 |
| Studenteraad | 021 938 9591 |
| Studentewerwing en -ondersteuningskantoor | 021 938 9789 |
| Toelating | 021 938 9580 |



# INHOUD


| | |
|---|---|
| **WELKOM, NUWE MATIES!** | **2** |
| Welkom | 3 |
| Wat is 'n Kluster? | 4 |
| Privaat Studente Organisasies | 5 |
| PSO-vervoerdiens gedurende verwelkoming | 5 |
| Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding & Burgerskap | 6 |
| COVID-19 | 7 |
| Ontmoet die Studenteraad 2020/2021 | 8 |
| Tygerberg Studenteraad (TSR) | 9 |
| Tygerberg Akademiese Belangeraad (TABR) | 10 |
| Military Academy Student Council (MASC) | 10 |
| Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling | 11 |
| Kampusgesondheidsdiens | 13 |
| Onderrigtale by die Universiteit Stellenbosch | 14 |
| Jou leerreis na akademiese sukses begin hier | 15 |
| Die US se waardes, menseregte en Dissiplinêre Kode | 16 |
| Belangrike kennisgewing oor sosiale media | 17 |
| Versekering: Studente en hulle eiendom | 17 |
| Gratis skryfadvies | 17 |
| Universiteit Stellenbosch Ko-Kurrikulêre Ondersteuningsfonds (USKOF) | 18 |
| Verwelkomingsambassadeurs | 18 |
| Societies Council Executive Committee | 18 |
| Pre-registrasie klaring *(verifikasie)* van internasionale graadstudente | 19 |
| Biblioteek | 19 |
| Maties Sport | 20 |
| Maties Gimnasium | 21 |
| Rekenaargebruikersareas (RGA's) | 22 |
| RGA-inligting | 23 |
| Neem jou veiligheid ernstig op | 23 |
| Twee maniere om as 'n student te registreer | 25 |
| Verlengde Graadprogramme (VGP's) | 27 |
| Aanlyn inskakelingsprogram | 27 |
| Tygerberg-kampuskaart | 29 |
| Stellenbosch-kampuskaart | 30 |
| Stellenbosch-kampuskaart indeks | 31 |





@stellenboschuni @sustudentaffairs

Uitgegee deur die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, in samewerking met die Afdeling Studentesake, Universiteit Stellenbosch

Redakteur: JC Landman

Inhoudsredakteur: Audrey Poole

Ontwerp: Edward Mitchell

Drukwerk: African Sunmedia

# WELKOM, NUWE MATIES!



**Beste nuwelingstudent**

Welkom by die Universiteit Stellenbosch (US). Wat ’n opwindende reis lê vir jou voor!

Die afgelope jaar was vir ons almal besonder uitdagend, veral vir jongmense soos jy wat hulle skoolloopbaan moes voltooi, en voorberei vir die volgende hoofstuk: universiteit. Geluk met jou harde werk en deursettingsvermoë. Jy het jou eindeksamen geslaag en toelating tot die US ontvang – ’n reuseprestasie gedurende ’n wêreldwye pandemie. Kyk vir ’n oomblik terug op die lang pad wat jy gestap het, en waardeer waar jy vandag is.

Verlede jaar was moeilik, en ons sal ongetwyfeld vanjaar steeds heelwat struikelblokke teëkom met die voortslepende uitwerking van COVID-19 op ons universiteitsgemeenskap, ons land en die res van die wêreld. Hoewel ons daarna uitsien dat ons kampusse weer besig raak namate studente en personeellede terugkeer, sal ons aan alle voorgeskrewe maatreëls voldoen. Ons sal jou ook vra om in te stem tot ’n gedragskode, wat insluit om riskante aktiwiteite weg van die kampus te vermy. Ons moet elkeen verantwoordelikheid aanvaar om te keer dat die koronavirus verder versprei.

By die US is ons oorhoofse prioriteite vir 2021 dieselfde as verlede jaar: om die akademiese projek te laat slaag, en volhoubaar te bly as ’n toonaangewende hoëronderwysinstelling. Dít sal ons bly nastreef terwyl ons ook ons studente en personeel se gesondheid en veiligheid prioritiseer. Onthou, om deur COVID-19 te kom is nie ’n naelloop nie; dis ’n marathon. En nou besef ons dit is nie sommer enige marathon nie, maar ʼn ultra-marathon! Dit is ’n veeleisende tyd, en ons moet fiks word én bly om die eindstreep oor te kan steek.


Ek hoop jy is reeds vertroud met die opwindende Inskakelingsprogram wat ons aanlyn bekend gestel het. Hierdie program stel jou bekend aan die US en help jou jou voete vind en voorberei vir jou studies en die unieke studente-ervaring wat voorlê op kampus. Daardie ervaring begin met ons bekende jaarlikse Verwelkomingsprogram.

Sommige komponente van die Verwelkomingsprogram sal aanlyn gebeur om groot byeenkomste te vermy. Nietemin sal sekere elemente, wat binne die perke van die COVID-19-regulasies kan geskied, op kampus sal voortgaan. Soos altyd, sal ons alles moontlik doen om jou kennismaking met die kampuslewe spesiaal en onvergeetlik te maak. Hou **www.sun.ac.za/welcome** dop vir die jongste verwikkelinge en program.

Van nou af sal jy toegang hê tot verskeie steundienste by die Afdeling Studentesake. Hier staan ervare en bekwame beroepslui gereed om jou leer en ontwikkeling te ondersteun en jou elke tree van die pad by te staan. Maak gerus gebruik van hul dienste om die heel meeste uit jou tyd op universiteit te haal.

Ons is oortuig jy het wat dit verg om suksesvol te studeer en te gradueer. Bly glo in jouself, maak jou studies ’n prioriteit en werk hard. En onthou om darem ook pret te hê – baie universiteitsvriende word lewenslange vriende.

As jy in die weke en maande wat voorlê hulp nodig het, reik eenvoudig uit en vra. Want by Maties beweeg ons saam vorentoe.



Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier

SKANDEER HIER

WELKOM

# DIE US-VERWELKOMINGSTYD: *JOU SLEUTEL TOT SUKSES*



**Geluk met jou toelating tot die Universiteit Stellenbosch!**

Ons weet jy kom nie hierheen net vir 'n graad nie, maar ook om hierdie opwindende tydperk van jou lewe ten volle te geniet en ons sien uit daarna om jou hier te ontvang. Lees gerus deur hierdie brief om 'n idee te kry van wat jy op Stellenbosch kan verwag vandat jy op kampus aankom.

**Hoekom 'n verwelkomingsprogram?**

Die verwelkomingsprogram stel jou bekend aan jou koshuis, privaat-studente-organisasie (PSO), kluster en fakulteit sodat jy sommer vinnig jou voete in jou nuwe omgewing kan vind. Met die bekendstelling aan jou koshuis PSO-wyk ontmoet jy die gemeenskappe waarvan jy deel kan word. Al sal jy gedurende die verwelkoming baie nuwelinge in jou koshuis of PSO-wyk ontmoet, sal jou kluster veral vir jou nuwe wêrelde ontsluit en jou aan nog méér nuwelinge blootstel wat moontlik dieselfde waardes en belangstellings as jy het.

Julle sal die fakulteite saam (of aanlyn) besoek, so teen jou eerste klas sal daar dus reeds 'n paar gesigte wees wat jy ken. Die bekendstelling aan jou fakulteit sal jou toerus vir die begin van jou akademiese loopbaan. Deur jou fakulteit se program noukeurig te volg, verseker jy dat jy reg is vir jou eerste dag van klas. Gebruik gerus die opwindende verwelkomingstyd as 'n geleentheid om krities oor jou omgewing, medestudente en leiers na te dink.

**Wees die eerste om vrae soos die volgende te vra:**

- Dra die aktiwiteite op die verwelkomingsprogram by tot jou ontwikkeling en voorbereiding vir die akademiese jaar wat voorlê?
- Stel die verwelkoming jou aan 'n positiewe omgewing en verhoudings bloot?
- Bied die verwelkoming jou die kans om jou waardes en belangstellings ten volle uit te leef?
- En veral: Dra die verwelkoming daartoe by om jou die persoon te maak wat jy nog altyd wou wees?

**Wat maak die universiteitslewe so uniek?**

Noudat jy weet wat om van die verwelkoming te verwag, moet jy ook weet wat om nié te verwag nie: 'n herhaling van jou skoolervaring. Universiteit is 'n perd van 'n ander kleur. Universiteit gee jou die geleentheid om jou wêreld uit te brei en eindelose moontlikhede te ontdek en te ontgin. Of jy nou pas graad 12 voltooi het of reeds 'n oorbruggingsjaar agter die rug het, wees verseker dat jou universiteitservaring met niks anders vergelyk sal kan word nie. Universiteit is nie net daar om jou akademies te laat groei nie, maar gee jou ook die kans om ander fasette van jou lewe te verken. Hier het jy die vryheid om self jou vriende en rolmodelle te kies, en om aktiwiteite op die proef te stel wat jy dalk nog nooit teëgekom het nie.

Wie weet, dit is dalk net die begin van 'n onvergeetlike ontdekkingsreis! Solank jy bereid is om hard te werk om jou drome te verwesenlik, het jy die potensiaal om enigiets te word wat jy wil wees. Hier het jy die geleentheid om jou eie stem te vind sodat jy aan die kritiese gesprekke op kampus kan deelneem.

Teen hierdie tyd het jy seker al baie gehoor van wat ander mense sê jy van jou eerste paar dae op universiteit kan verwag, maar dit is egter jóú kans om jou eie idees oor die verwelkomingstyd te vorm. Onthou, jy hoef nie net alles gedweë te aanvaar nie; dink eerder krities na oor jou ervaring van die verwelkomingsprogram.

**Hoe kan jy dit vir jouself uniek maak?**

Op Stellenbosch glo ons dat studente ons kennisvennote is. Jou sukses op universiteit is dus ook in jóú hande. Sukses op universiteit beteken egter nie net suksesvolle voltooiing van jou studie nie, maar ook dat jy as mens gegroei en ontwikkel het.

**Jy het die geleentheid om jouself én jou medestudente die volgende kritiese vrae te vra:**

- Wat is vir jou belangrik?
- Watter aspekte van jouself wil jy die graagste ontwikkel?
- Buiten jou graad, waarmee wil jy eendag hier wegstap?
- Watter bydrae wil jy graag in jou gemeenskap maak?

**Jy hoef nie tot 'eendag' te wag nie; begin vandag om 'n verskil te maak!**

Gryp elke geleentheid aan om herinneringe met nuwe én ou vriende te skep en nuwe vaardighede aan te leer, selfs buite jou lesinglokale. Verken die wêreld om jou, maar moenie die groter prentjie uit die oog verloor nie. Universiteit is nie net die tyd om jou graad te kry of om jou jonkwees te geniet nie, maar is ook jou kans om jou grense op 'n verantwoordelike manier te toets en jou horison te verbreed.

Ons hoop jy sien uit na jou tyd by die Universiteit Stellenbosch, want ons is baie opgewonde om hierdie reis saam met jou aan te pak.

GRYP ELKE GELEENTHEID AAN OM HERINNERINGE MET NUWE ÉN OU VRIENDE TE MAAK EN NUWE VAARDIGHEDE AAN TE LEER, SELFS BUITE JOU LESINGLOKALE



SKANDEER HIER

# WAT IS 'N KLUSTER?

Nuwelingstudente sluit aan by 'n kampus wat in luister-, leer- en leefgemeenskappe (LLL) verdeel is. Al die klusters, koshuise, Privaat Studente Organisasies (PSO's), mentorgroepe, tutorgroepe, en die luister-, leer- en leefhuise vir senior studente maak deel uit van LLL. Die doel van LLL is om die buite-klas-ervaring en die binne-klas-ervaring te integreer om akademiese sukses en 'n goed afgeronde opvoeding vir studente te verseker.

## KLUSTERS

'n Kluster bestaan uit 'n aantal koshuise en een of twee PSO-gemeenskappe. Klusters speel 'n belangrike rol in die integrasie en ondersteuning van nuwelingstudente op kampus, en verseker dat studente die Universiteit as 'n plek van omgee en koestering ervaar. Klusters integreer ook die universiteitservaring van koshuisstudente en studente in privaat huisvesting. Klusters word toenemend gebruik om die Universiteit te organiseer, bv sommige fakulteite maak van klusters gebruik as grondslag waarop vaktutorgroepe ingedeel word. Die koshuise en PSO's behoort tot een van ses klusters op die Stellenbosch-kampus, of die een op Tygerberg-kampus. Die Senior Leefomgewing maak die agste kluster uit.

## MENTORS

Mentors is senior studente wat in koshuise en PSO's aangestel word om nuwelingstudente by die universiteitslewe te help aanpas. Elke nuwelingstudent kan toegang tot 'n mentor verkry. Die mentor speel reeds tydens die verwelkomingsperiode 'n belangrike rol met algemene hulpverlening rondom universiteitslewe-navrae en psigososiale ondersteuning. Die nuwelingstudente het ook hierdeur die geleentheid om by die welweesprogram van die Universiteit in te skakel wat ten doel het om hul welwees dwarsdeur die jaar te bevorder. Tydens jou aankoms by jou betrokke koshuis of PSO, sal 'n mentor aan jou toegedeel word. Indien jy egter nie 'n mentor ontvang nie, of enige navrae het, kontak gerus Kliëntediens by tel 021 808 9111 of info@sun.ac.za.

SKANDEER HIER

## SAMESTELLING VAN KLUSTERS

SKANDEER HIER

**amaMaties**
Capri, Equité, Erica, Helderberg, Huis Neethling, Nemesia en Serruria

**Rubix**
Heemstede, Metanoia, Nerina, Pieke en Venustia

**Tygerberg**
Francie van Zijl, Hippokrates, Meerhoff, Nkosi Johnson, Osler, Ubuntu en eNkanyini

**Validus**
Goldfields, Huis Visser, Huis Marais, Simonsberg, ISA, Olympus en Academia

**VicMeyr**
Aurora, Dagbreek, Huis ten Bosch, Lydia, Majuba en Minerva

**Victoria**
Monica, Harmonie, Oude Molen, Wilgenhof en Silene

**Wimbledon**
Aristea, Eendrag, Helshoogte, Irene, Sonop en Vesta

**Senior Leefomgewing**
Botmashoogte, Concordia, Huis de Villiers, Huis Macdonald, Lobelia, Huis Russel Botman en The Village

## PRIVAAT STUDENTE ORGANISASIE

Een van die Universiteit Stellenbosch se sleutelfokusareas vir studente-ontwikkeling is die ko-kurrikulêre en buiteklas-ervaring. Die Privaat Studente Organisasies (PSO's) is geposisioneer om aan hierdie behoefte te voldoen en aan studente die geleentheid te bied om 'n gesonde en diverse Universiteitservaring te beleef. Alle studente wat nie van die universiteit se koshuisverblyf gebruik maak nie, is outomaties lede van 'n PSO – ongeveer 70% van die Universiteit se studente. Hierdie studente word verdeel in verskillende PSO's wat aan hulle al die geleenthede bied vir suksesvolle sosiale en akademiese integrasie op die kampus.

PSO's verskaf geen verblyf aan studente nie, maar PSO-studente kan o.a. hul studentekaarte gebruik om etes by 'n oop-koshuis-eetsaal in hul spesifieke kluster te bespreek en geniet. Binne 'n PSO word 'n mentor aan elke nuwe student toegeken wat hul met alle prosesse kan bystaan.

Daar is tien PSO's op Stellenbosch-kampus en een op Tygerberg-kampus. Indeling in een van die tien PSO's vind plaas in terme van die Universiteit se plasingsbeleid. Studente word per e-pos in kennis gestel van die spesifieke PSO waarby hulle ingedeel is. Inligting rakende die PSO-verwelkomingsprogram en waar hul ontmoet tydens verwelkoming, word ook per e-pos aan die studente gestuur. Die PSO's word gesamentlik deur die PSO-kantoor bestuur, wat binne die Sentrum vir Studentegemeenskappe in die Afdeling Studentesake geleë is. Studente kan nie van PSO verander nie. Jou indeling bly dus dieselfde vir die duur van jou universiteitsloopbaan.

Die PSO waarby die student ingedeel is, bepaal ook die kluster waaraan die student behoort. Indien jy geen inligting oor jou PSO-indeling ontvang het nie, kontak gerus die Kliëntediens by tel 021 808 9111 of info@sun.ac.za. Studente word ook aangemoedig om hulself te vergewis van die verpligte PSO-fooie soos dit jaarliks in die Universiteit Stellenbosch Studentegeldeboekie beskryf word.

**STELLENBOSCH PSO'S**
Aristea, Aurora, Capri, Equité, Olympus, Oude Molen, Pieke, Silene, Venustia en Vesta

**TYGERBERG PSO**
Osler

## PSO-VERVOERDIENS GEDURENDE VERWELKOMING

Die studente wat deel vorm van 'n Privaat Studente Organisasie (PSO), word aangemoedig om by die verwelkomingsprogram van hul betrokke PSO in te skakel. Aangesien die programme saans eindig, word 'n gratis vervoerdiens aan PSO-studente beskikbaar gestel om hul veilig tuis te besorg. Die vervoerdiens vertrek stiptelik om 18:30 en 20:30 vanaf die PSO-hub, Bosmanstraat 11, Stellenbosch en sal studente veilig in Stellenbosch, en by spesifieke sentrale punte in omliggende areas, besorg.*

Die punte waar studente afgelaai kan word, is die volgende:

- SAPD-kantore: Bellville, Kuilsrivier, Althone, Mitchells Plain, Paarl, Somerset-Wes en Kayamandi
- De Zalze Golflandgoed, Stellenbosch (hek)
- Paradyskloof, Stellenbosch (Engenvulstasie)
- Sonnebloemstraat, Idasvallei, Stellenbosch (Brent Oilvulstasie)
- Welgevonden, Stellenbosch (hek)
- Langstraat 87, Cloetesville, Stellenbosch (Engenvulstasie)
- Stellenbosch sentrale area, Stellenbosch

** Hierdie inligting is onderhewig aan verandering, as gevolg van COVID-19 regulasies.*

Hierdie vervoerdiens is slegs beskikbaar tydens die verwelkomingsperiode (2-12 Maart 2021). Studente moet asseblief teen 11:00 op die vereiste dag 'n versoek vir die pendeldiens aanteken en die spesifieke aflaaipunt aandui. Dit kan aan die spesifieke Huiskomitee of aan die PSO-kantoor by pso@sun.ac.za deurgegee word.

**SKANDEER HIER**



# SENTRUM VIR STUDENTELEIERSKAP, ERVARINGGERIGTE OPVOEDING & BURGERSKAP



Die doel van die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding & Burgerskap (SSEOB) is om te verseker dat die Universiteit Stellenbosch (US) omvattende en samehorige leierskapservaring vir studente bied deur die ontwikkeling van graduandi-eienskappe. Die SSEOB bestaan uit die:

## US KO-KURRIKULUMKANTOOR

Die Ko-kurrikulumkantoor bied doelgerigte, ervaringgerigte opvoeding wat kennisverwerwing versterk, kritiese lewensvaardighede en bevoegdhede ontwikkel; waardes en belangstellings bou; gemeenskapsvorming aanmoedig en doelbewus weë vir die ontwikkeling van afgeronde studente met die oog op Afrika-gesentreerde, globale burgerskap skep. Deur deel te neem aan formeel erkende ko-kurrikulumprogramme kan studente nou erkenning vir leer op hul akademiese transkripsie ontvang.

## FVZS INSTITUUT VIR STUDENTELEIERSKAPSONTWIKKELING

Die FVZS eer die nalatenskap van 'n groot Suid-Afrikaanse leier, wyle dr Frederik van Zyl Slabbert, wat bekend was vir sy belangrike bydrae tot die demokrasie van Suid-Afrika. Die FVZS ondersteun die US se visie van 'n universiteit wat grade toeken aan jongmense wat aktiewe en betrokke wêreldburgers is en 'n bydrae kan lewer tot die welsyn en welvaart van ons globale samelewing. Besoek gerus ons aktiewe sosialemediaplatforms vir meer inligting op Facebook (fvzsleadershipinstitute), Instagram (@fvzsinstitute) of via e-pos by fvzs@sun.ac.za.

## AANLYN PROGRAMME

Wil jy aan ko-kurrikulêre aktiwiteite deelneem, maar sukkel om tyd in jou akademiese skedule daarvoor in te ruim? Die SSEOB: Aanlynportefeulje bied aanlyn kortkursusse wat by jou skedule aanpas.

## STUDENTEREGERING

Studenteregering wil 'n etiese bestuursetos onder die US se studenteleiersgemeenskap bevorder. Die volgende Studenteregeringstrukture word ondersteun:

- **Die Studenteraad (SR)** verteenwoordig alle studente as die hoogste studenteverteenwoordiger en besluitnemende liggaam en streef na 'n progressiewe en vooruitstrewende gemeenskap met studentesukses as die kern. Dit verseker dat alle studente goed ingelig en ondersteun word gedurende die verwelkomingsprogram, tot en met die eerste akademiese dag en staan studente by wat akademies uitgesluit is, asook diegene wat gedurende Januarie vir hul appèlkennisgewing wag. Studente word aangemoedig om die SR-kantoor te besoek vir enige ondersteuning gedurende hierdie tydperk om te verseker dat studentesukses en -welwees bevorder word. Die SR ondersteun alle studente wat nie die aanvanklike koshuisgeld kan betaal nie of wat historiese skuld het en nie kan bekostig om vir die akademiese jaar te registreer nie. Die SR help studente wie nie in koshuise geplaas is nie en sukkel om akkommodasie te vind, om tydelik verblyf te kry gedurende die verwelkomingsperiode.

- **Verenigingsraad** is 'n studentegedrewe organisasie wat alle geregistreerde en nuwe verenigings op die Stellenbosch-kampus verteenwoordig. Die Verenigingsraad bied talle geleenthede aan studente om betrokke te raak by die verskillende aspekte van hul persoonlike ontwikkeling, soos leierskapservaring, spanwerk, of om hul eie belange te bevorder, soos navorsing en gemeenskapsontwikkeling.

- **Akademiese Belangeraad (ABR)** se primêre verantwoordelikheid is om jou akademiese belange en ontwikkeling as student te verteenwoordig en te beskerm. Dit sluit in akademiese klagtes, Taalbeleidsgriewe, HEMIS, toets- of roosterbotsings, plagiaatkwessies, probleme met dosente, mentors, tutors of tutoriaal-klasse en ko-kurrikulêre ontwikkeling. Indien jy enige probleme ondervind wat jou akademie beïnvloed, kan jy met ons gesels. Skakel ons of besoek ons op Facebook (Stellenbosch Universiteit ABR), Instagram (@abrstellies), of stuur 'n e-pos aan ons voorsitter, Jarryd Luyt by luyt@sun.ac.za.

- **Primkomitee (PK)** is 'n ex officio-studenteliggaam van die SR wat as 'n sentrale liggaam vir alle huiskomitees dien en word saamgestel uit die Primarii van die 42 studente-gemeenskappe teenwoordig op kampus; dit sluit in koshuise en Privaat Studente Organisasies (PSO's). Die PK dien as 'n platform vir leierskapsamewerking waar die Prims van die verskeie gemeenskappe idees en gebeure bespreek wat relevant is tot die gemeenskappe en breër kampus. Jy word in die PK deur jou gemeenskap se Prim verteenwoordig, maak dus seker dat jy enige vrae, probleme, of bekommernisse na die leierskap in jou gemeenskap neem. Indien daar 'n probleem is wat jou gemeenskap se leierskap nie kan oplos nie, kontak gerus die PK-voorsitter, Leoné Wilkinson by wilkinson@sun.ac.za, of PK mede-voorsitter, Joshua Eva at dawg@sun.ac.za of Senior PK voorsitter, Masixole Ndamandama at masixolen@sun.ac.za.
- **Militêre Studenteraad (Saldanha-kampus)** is 'n ex officio-liggaam van die SR wat bestaan uit studente wat uit verskeie jaargroepe deur die studenteliggaam verkies word. Hierdie Raad word verkies om 'n omgewing te skep wat bevorderlik is (en die studente die beste ondersteun) vir sukses in hul akademiese lewe, asook vir die ontwikkeling van professionele militêre standaarde.
- **Studentehof** is 'n geregtelike studenteliggaam wat verantwoordelik is vir die beslegting van studentegeskille, dispute tussen verenigings en grondwetlike aangeleenthede van die SR.
- **Studenteparlement** is 'n toesighoudende studenteliggaam wat poog om grondwetlike demokrasie binne studenteleierskap te versterk deur aktief aanspreeklikheid, deursigtigheid en raadplegende regering binne die US-studentegemeenskap te bevorder.
- **Senior Primkomitee** is 'n ex officio-studenteliggaam van die SR wat as 'n sentrale liggaam vir senior koshuise dien.
- **Stembuskonvenor** is 'n onafhanklike studenteliggaam wat in die Studentegrondwet vervat is, om vry en regverdige verkiesings te fasiliteer en te hou.
- ***Die Matie*** is 'n onafhanklike studentekoerant wat elke twee weke gedurende die akademiese jaar uitgegee word. Die redaksionele inhoud bevat afdelings oor nuus, die studentelewe, sport, aktuele sake, kuns en vermaak.

Die volgende Studenteregeringstrukture word op die **Tygerberg-kampus** ondersteun:

- **TSR** is die hoogste vorm van verteenwoordiging en regering vir die studenteliggaam by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Die lede van díe span hanteer alle aspekte van studentelewe uniek aan hierdie gesondheidsorgmekka en het dit ten doel om studente se welwees deur portefeuljegedrewe bestuur, te verseker.
- **Tygerbergverenigingsraad** is 'n studentegedrewe organisasie verteenwoordigend van alle geregistreerde verenigings.
- **Tygerberg Akademiese Belangeraad (TABR)** is 'n statutêre studenteliggaam wat 'n wedersydse respekvolle kommunikasiekanaal tussen studente (dmv klasverteenwoordigers) en die Fakulteit mbt akademiese sake, fasiliteer.

**ADRES:** Bosmanstraat 9, Stellenbosch
**E-POS:** csleec@sun.ac.za
**TEL:** 021 808 9798
**WEBBLAD:** www.sun.ac.za/csleec

## COVID-19



Die Universiteit Stellenbosch (US) hou die gebeure rondom die uitbreking van die koronavirussiekte (COVID-19, veroorsaak deur die nuwe koronavirus SARS-CoV-2) wat deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) as 'n wêreldwye pandemie verklaar is, baie fyn dop.

Ons COVID-19-gebeurlikheidskomitee, wat in Februarie op die been gebring is, is uitgebrei tot 'n oorhoofse Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting. Dié liggaam ontvang insette van 'n mediese advieskomitee en sewe werkstrome: studentedienste; personeel; leer en onderrig; kommunikasie, gemeenskapsimpak en eksterne betrekkinge; kampusbedrywighede; finansiële en regsaangeleenthede; asook navorsing.

Ons doen alles moontlik om te sorg dat ons studente hul akademiese jaar kan voltooi en dat die Universiteit volhoubaar bly.

Bly op hoogte van die jongste nuus wat via ons amptelike kommunikasiekanale oorgedra word en besoek https://bit.ly/SUcoronavirus.

### OF SKANDEER HIER



# TYGERBERG STUDENTERAAD (TSR)

TYGERBERG STUDENT COUNCIL
Universiteit Stellenbosch

Die Tygerberg Studenteraad is die hoogste belydsmakende en verteenwoordigende studenteliggaam by die Fakulteit van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Dit bestaan uit 9 lede wat deur die studenteligaam verkies is, die voorsitter van die Tygerberg Prim Komitee, die voorsitter van die Tygerberg Akademiese Belangeraad, die voorsitter van die Tygerberg Nagraadse Studenteraad, die voorsitter van die Tygerberg Verenigingsraad en 5 portefeulje bestuurders. Die TSR voorsitter verteenwoordig die Tygerberg studente deur as 'n lid op die universiteit se Studenteraad te dien.

Die funksies van die TSR sluit in die verteenwoordiging van Tygerberg studente in universiteit bestuurstrukture, die fasilitasie van inisiatiewe of projekte wat studente sal bevoordeel en om altyd in studente se beste belang op te tree.

Indien jy enige vrae, voorstelle of bekommernisse het wat jy onder ons aandag wil bring, moet nie huiwer om ons TSR voorsitter, Kristin Arends, by tsrchair@sun.ac.za te kontak nie. Jy kan ook gebruik maak van ons sosiale media platforms – Instagram @maties_tsr en Facebook op die Tygerberg Student Council-TSR blad.

## GENERAL COUNCIL



**Kristin Arends**
**Chairperson**
tsrchair@sun.ac.za



**Tshiamo Ngcobo**
**Vice Chair**
tsrvice@sun.ac.za



**Puleng Mokoena**
**Secretary**
20962797@sun.ac.za




**Nikita Heneke**
**Financial Manager**
20843690@sun.ac.za



**Vhudi Ravhutsi**
**Policy unit chair, Student Community needs**
21768757@sun.ac.za



**Dharshana Moodliar**
**Green and Sustainability**
20741456@sun.ac.za



**Abdul-Mutakabir Aziz**
**Student Facility Needs**
20878273@sun.ac.za



**Hugh Seton**
**Sport**
20965877@sun.ac.za



**Kamva-Qama Tambekile**
**Strategic communication**
20856512@sun.ac.za

## EX OFFICIO MEMBERS



**Jess Davies**
**Tygerberg Academic Affairs Council Chair**
20688016@sun.ac.za



**Mbali Mkhonza**
**Tygerberg Postgraduate Student Council Chair**
mbali@sun.ac.za



**Lynette Classen**
**Tygerberg Societies Council Chair**
19795858@sun.ac.za



**Luyanda Nzama**
**Tygerberg Prim Committee Chair**
21818762@sun.ac.za

## PORTFOLIO MANAGERS



**Sonia Muchiri**
**Kopano and Prestige**
20788878@sun.ac.za



**Queren Kamuanya**
**Student Wellness**
21770166@sun.ac.za



**Realeboga Mothupi**
**Social Justice**
20303688@sun.ac.za



**Vanessa Annan**
**Student Development**
22721851@sun.ac.za



**Amore Arends**
**Culture**
21078718@sun.ac.za

## TYGERBERG AKADEMIESE BELANGERAAD (TABR)

Die TABR is 'n komitee op Tygerberg kampus wat uit verkose verteenwoordigers van die verskeie gesondheidswetenskap programme bestaan. Die TABR verteenwoordig die Tygerberg Studente Unie (TSU) in die relevante fakulteit strukture en komitees. Die TABR bestaan uit 'n uitvoerende komitee (voorsitter, ondervoorsitter en studente program koördineerders), klasverteenwoordigers en vyf ex-officio lede. Die voorsitter en die ondervoorsitter is ook lede van die Akademiese Belangeraad (ABR) op Stellenbosch kampus, terwyl die voorsitter ook 'n Tygerberg Studente Raad (TSR) lid op Tygerberg kampus is. Alle akademiese belange word deur die klasverteenwoordigers en dus deur die TABR aan die fakulteit verteenwoordig.

As jy enige akademies-verwante navrae het, is jy welkom om die voorsitter, **Jessica Davies**, op tabrchair@sun.ac.za of 20688016@sun.ac.za te kontak.




## MILITARY ACADEMY STUDENT COUNCIL (MASC)



**Student Captain**
2Lt A. Finiza



**Vice Student Captain**
Esn S. Mbatha



**Policy/Secretary**
Lt(SAN) K. Kgatitswe



**Faculty**
Mid R.T. Lesu



**RSM**
Lt M.R. Mojela



**3rd Year Grp Cdr**
Lt S. Mbotshelwa



**2nd Year Grp Cdr**
Lt U.E. Maduwa



**1st Year Grp Cdr**
SLt J.T. Magongwa



**Finance**
Lt K. Setsiba



**Sports**
Lt J.T. Poto



**Social**
Lt(SAN) T.G. Mohulatsi



**Signal**
CO K. Gaompe



**Logistics**
Lt C.L. Cannon



**Transport**
Mid J.R. Potgieter



**Media**
Lt C.M. Phathela



**DSSA**
2Lt T.J. Mbola



**Masiza**
Lt T.P. Mahomed



**Trans-Enduro**
Lt D.D. Oss

# SENTRUM VIR STUDENTEVOORLIGTING EN -ONTWIKKELING




Die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) is verbind tot die voorsiening van sielkundige, ontwikkelings- en ondersteuningsdienste aan die Universiteit Stellenbosch-gemeenskap (US) in ons strewe om vennote vir sukses te wees. Ons visie is om ’n toeganklike, inklusiewe en kliëntgesentreerde sentrum te wees, met ons waardes gebaseer op medemenslikheid. Die personeel sluit in sielkundiges (kliniese, voorligtings, opvoedkundige), beraders, maatskaplike werkers, sielkunde-interns, studente-assistente, projek/portefeulje koördineerders, ’n psigometris, ondersteuningsbeamptes en administratiewe personeel. Die SSVO bestaan uit vyf eenhede wat deur hul kernfunksies poog om burgerskap deur die fasilitering van welwees, persoonlike verantwoordbaarheid en volhoubare gelykheid, te bevorder. Daar is kantore op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampusse.

## STELLENBOSCH

Victoriastraat 37, Stellenbosch
**Tel:** 021 808 4707 / 021 808 4994 (kantoorure)

## TYGERBERG

Tweede vloer, Studentesentrum, Tygerberg
**Tel:** 021 938 9590 (kantoorure)
**Webblad:** www.sun.ac.za/ssvo

*24-uur-nooddiens in samewerking met ER24: 010 205 3032 (na ure en naweke)*

Die volgende Eenhede word in vyf sentraalgeleë geboue in Victoriastraat, Stellenbosch gehuisves:

### EENHEID VIR GELYKWAARDIGHEID (EVG)

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG), gesetel in Huis Simon Nkoli House, is geïnspireer deur die Suid-Afrikaanse Handves van Regte waarvolgens daar teen niemand onbillik gediskrimineer mag word nie. Die kernfunksie van die eenheid is om studente en personeel wie geviktimiseer, seksueel geteister, onbillik teen gediskrimineer en slagoffers van geslagsgeweld is, by te staan deur middel van 'n vertroulike klagte prosedure (formeel of informeel). Die EvG lewer ook dienste, opleiding en intervensies rakende MIV/Vigs (voorkoming, toetsing en berading) en geslagsgeweld, en dienste vir die LGBTQIA + -gemeenskap.

Die Eenheid doen 'n beroep op studente om na vore te kom as hulle vorme van onbillike diskriminasie, teistering of viktimisasie ervaar is. Empatie, prosedurele billikheid en vertroulikheid is die hoekstene van ons werk.

**E-pos:** unfair@sun.ac.za (om onbillike diskriminasie of teistering aan te meld) of hiv@sun.ac.za (vir MIVen LGBTQIA+ verwante aangeleenthede)

**Tel:** 021 808 3136

**Webwerf:** http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/student-affairs/cscd/equality-unit
Facebook, Twitter en Instagram: @EqualityUnitSU

**Adres:** Huis Simon Nkoli House, Victoriastraat 39, Stellenbosch

## IS U GETEISTER OF ONBILLIK TEEN GEDISKRIMINEER?

Indien enige student teen gediskrimineer of geteister word weens ras, geslag, seksuele oriëntasie, gesondheid, etniese en sosiale oorsprong, ouderdom, godsdiens, gestremdheid, kultuur, taal of oortuiging, is die EvG hier om te help.

Studente kan vertroulik, informeel en/of formeel voorvalle van onbillike diskriminasie of teistering aanmeld by een van die Gevalbeamptes van die Eenheid vir Gelykwaardigheid. Volg hierdie stappe vir die klagteprosedure:

1. Kontak een van die EvG Gevalbeamptes via e-pos by unfair@sun.ac.za om 'n geval aan te meld en n ontmoeting op te stel.
2. Die Gevalbeampte sal u help met die invul van 'n assesseringsvorm en ook verwys na 'n gekwalifiseerde berader wie u sal help deur die moeilike situasie.
3. Na 'n Gevalbeampte gespreek is, sal addisionele onderhoude gevoer word met alle geaffekteerde partye, getuies en die respondent/e.
4. Sodra al die inligting versamel is, sal die EvG aanbevelings aan die klaer en respondent maak.
5. Aanbevelings kan bemiddeling, verwysing na die Kantoor vir Studentedissipline of 'n departement binne die US of Menslike Hulpbronne insluit.Die EvG kan ook die geval na 'n ondersoekpaneel verwys vir verdere bespreking.

## EENHEID VIR AKADEMIESE VOORLIGTING EN ONTWIKKELING (EAVO)

Die Eenheid lewer 'n ontwikkelingsgerigte diens wat fokus op die akademiese uitdagings wat studente mag ervaar. Die span bestaan uit opvoedkundige sielkundiges, 'n psigometris, 'n geregistreerde berader en intern-sielkundiges. Ondersteuning word aan studente verleen deur hulp rakende studiemetodes, hantering van toets- en eksamenstres, tydsbestuur en die optimalisering van hulle potensiaal deur middel van individuele konsultasies, werksessies en selfhelpmateriaal. Loopbaanvoorligting is beskikbaar vir geregistreerde studente. Stuur gerus 'n epos aan studysuccess@sun.ac.za vir 'n individuele afspraak of vir meer inligting oor ons werksessies.

## EENHEID VIR PSIGOTERAPEUTIESE EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE (EPO)

Die Eenheid bied individuele, groepsterapie en werksessies. Vertroulike en professionele dienste word aangebied deur sielkundiges en beraders. Die Eenheid bied psigoterapie vir 'n wye spektrum van probleme wat studente ervaar, naamlik: depressie, hoë spanning, aanpassingsprobleme, middelmisbruik, verhoudings- of gesinsprobleme, ens.

Die Eenheid het siftingsessies vir slegs die Stellenbosch-kampusstudente geïmplementeer om studente wat sielkundige uitdagings ervaar, te fasiliteer. Hierdie diens word daagliks van 11:00 – 12:30 aangebied.

'n 24-uur-nooddiens is ook beskikbaar vir geregistreerde studente vanaf 16:00 – 08:00 sowel as naweke (ER24 010 205 3032).
Die maatskaplike werker by die Eenheid, in samewerking met die Sentrum vir Studentegemeenskappe, bied 'n instapdiens tydens die verwelkomingstydperk aan vir hoofsaaklik eerstejaarstudente, wat buite die Wes-Kaapprovinsie woon, en op kampus arriveer sonder bevestigde akkommodasie en finansiële advies. Gedurende die akademiese jaar bied die maatskaplike werker professionele dienste soos ondersteuning, leiding en berading aan studente met betrekking tot hul sosiale kwessies aan.

Aanvraag vir enige van ons dienste moet gerig word per epos aan supportus@sun.ac.za. Studente sal dan n aafspraak ontvang. Afsprake vir alle dienste kan aanlyn gebeur of in persoon.

## EENHEID VIR GESTREMDHEDE (EG)

Die Eenheid vir Gestremdhede bied 'n reeks dienste aan studente met gestremdhede. Ons adviseur studente met gestremdhede oor die moontlike ondersteuning wanneer hulle by SU is. Ons bespreek ook toepaslike akademiese ondersteuning en verseker dat akademiese materiaal toeganklik is vir studie, toets en eksamens doeleindes is. Die EG bied oor vir studente en personeel verskillende opleidingsgeleenthede. Dit sluit in die leer van basiese gebaretaal vir personeel en studente, `n akkrediteerde Lei met Gestremdheid program vir studente en die fasilitering van personeel opleiding deur die Siykhula opleidings sessies. Kom gesels met ons oor verdere gestremdheidsverwante onsekerhede. Kontak ons by disability@sun.ac.za. Volg ons op die Studentesake Facebook-blad sowel as Twitter by @sudisabilityupdate. Besoek ons by Victoriastraat 39, House Simon Nkoli Huis, Stellenbosch.

## EENHEID VIR GRADUANDI-LOOPBAANDIENSTE (EGLD)

Die Eenheid ondersteun studente met die oorgang vanaf hoëronderwys na die wêreld van werk. Dit sluit in individuele sessies oor jou loopbaan, werksessies oor CV-skryf, onderhoudsvaardighede, jou aanlynprofiel en blootstelling aan netwerkgeleenthede met maatskappye via loopbaanuitstallings en hulp met werksoekmetodes. Al ons kerndienste word aanlyn aangebied.

Die Eenheid bestuur 'n aanlyn loopbaandienste-bestuurstelsel genaamd *MatiesCareers* (bit.ly/MatiesCareers) wat studente maklike toegang bied om werk te soek en aansoek te doen vir vakatures, internskappe, deeltydse werk en vrywillige werksgeleenthede. Alle US studente word sterk aangemoedig om op die stelsel te registreer. Dit is belangrik vir studente om reeds vanaf hul eerste jaar te begin voorberei vir hulle oorgang na die wêreld van werk. *MatiesCareers* verskaf inligting oor die Eenheid se dienste en interessante aktiwiteite wat op kampus plaasvind. Dit bied ook die geleentheid aan studente om aanlyn vir die Eenheid se dienste te registreer. Verskeie werkgewers is op die stelsel geregistreer. Studente kan dus ook hul CV's oplaai vir potensiële werkgewers en soektogte doen na werkgewers se inligting en werksgeleenthede. *MatiesCareers* laat studente toe om 24/7 op hoogte te bly met die Eenheid se bedrywighede en die wêreld van werk. Kontak ons via e-pos by careerservices@sun.ac.za.

**SKANDEER HIER**



# KAMPUSGESONDHEIDSDIENS

COVID-19 Kennisgewing: Universiteit Stellenbosch Kampusgesondheidsdiens moniteer steeds die Coronavirus uitbraak en assisteer die Rektor's bestuurspan in die bestuur van toepassing en handhawing van gesondheidsriglyne, in ooreenstemming met die Nasionale Departement van Gesondheid. As gevolg van hierdie nuwe uitbraak, verander gesondheidsinformasie voortdurend.

Tydens hierdie tydperk moet alle pasiente afsprake maak om n dokter of suster te sien

Die Universiteit Stellenbosch Kampusgesondheidsdiens (KGD) lewer 'n geïntegreerde en toeganklike kampusgesondheidsdiens aan studente en personeel en beskik ook oor 'n goed toegeruste apteek. Die diens ondersteun die institusionele welweesinisiatiewe vir studente en personeel en word op beide die Stellenbosch-kampus en Tygerberg-kampus aangebied.

### Vinnige vrae oor KGD:

***Is die diens gratis?***

Dienste gelewer deur ons mediese dokters en fisioterapeute word gehef teen die minimum etiese tarief wat ons mag vra. Alle konsultasies deur ons professionele verpleegkundiges is gratis. Daar word vir medikasie 'n fooi gehef teen mediesefondstariewe.

***Op watter manier word betaling van dienste gedoen?***

Ons is 'n geregistreerde diensverskaffer van alle mediesefondse in Suid-Afrika en Namibië en stuur dus alle rekeninge elektronies aan die mediese fondse. Ons aanvaar ook kontant-, kaart- en elektroniese betalings.

***Dek KGD alle mediese dienste (bv x-strale en tandheelkunde)?***

KGD het professionele mediese dokters, fisioterapeute en verpleegkundiges. Alle ander dienste word verwys.

***Moet ek immuniseer word?***

Dit is baie belangrik vir studente om van immunisering kennis te neem (veral eerstejaarstudente in koshuise). Die volgende immunisasies is opsioneel, maar word sterk aanbeveel:

- Griep – jaarlikse immunisering
- Meningitis – een inspuiting elke 3 jaar
- Masels, Pampoentjies en Rubella (Duitse Masels) – indien nie-immuun, reeks van 2 immunisasies, jaarliks
- Hepatitis A en B – **verpligtend vir Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe-studente**; kombinasie (Twinrix) beskikbaar, reeks van 3 inspuitings oor 6 maande
- Menslike Papilloma Virus – reeks van 3 inspuitings oor 6 maande

Alle immunisasies is by KGD beskikbaar en pryse is op aanvraag beskikbaar. Kontroleer asb met u mediesefonds om uit te vind of immunisasies gedek word.

***Bied KGD voorligting aan studente?***

Ons bied voorligting aan pasiënte wat vir spesifieke toetse/siftings kom, bv MIV-toetse en familiebeplanning. Ander voorligting word deur die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) aangebied. Hul tel is 021 808 4707.

***Is vervoer vir pasiënte beskikbaar?***

Ons bied vervoer aan pasiënte wat binne die kampusradius is. Kontak Kampusgesondheidsdiens direk.

***Hoe maak ek 'n afspraak?***

Afsprake kan gereël word deur ons te kontak op die nommers hieronder aangedui of by ons spreekkamer.

***Wat gebeur in geval van nood?***

Kontak KGD gedurende kantoorure. Alternatiewelik kontak die volgende nommers:

**Tydens kantoorure:**

KGD noodnommer, tel 076 431 0305

**Na-ure of gedurende naweke:**

ER24-noodnommer, tel 010 205 3032
Stellenbosch Medi-Clinic, tel 021 886 9999 of 021 861 2000
US se 24-uur-krisislyn, tel 082 557 0880
Kontrasepsie-hulplyn, tel 0800 246 432
MIV-hulplyn, tel 0860 HIV 911

**Vir meer inligting gaan na:**

Webblad: www.sun.ac.za/english/CampusHealth
Facebook: www.facebook.com/Stellenbosch.University.CHS
Twitter: @CHS_StellUni

**Alle praktyke is Maandae – Vrydae vanaf 08:00 – 17:00 oop.**

**Fisioterapeute**

Tel: 021 808 3392
Langs die gimnasium in die Sportwetenskapgebou (nr 84 op die kaart)

**Stellenbosch-praktyk**

Tel: 021 808 3496/3494
Claassenstraat 7 (nr 16 op die kaart)


**Tygerberg-praktyk**

Tel: 021 938 9590
3de Vloer, Tygerberg Studentesentrum (nr 10 op die kaart)



# ONDERRIGTALE BY DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die US uit te brei vir alle studente en personeel. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die US bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Meer inligting oor taaltoepassing by die US is beskikbaar op die webwerf by www.sun.ac.za/taal.




## TAALBELEID

Die Universiteit Stellenbosch het in 2016 'n nuwe Taalbeleid aanvaar. Hierdie beleid en die gekoppelde Taalimplementeringsplanne is reeds in 2017 geïmplementeer.

Elke fakulteit stel sy eie Taalimplementeringsplan op. Die nuwe beleid en planne sal verseker dat 'n student wat òf nie Afrikaans òf nie Engels op 'n akademiese vlak magtig is nie, nie van die akademiese onderrig uitgesluit sal word nie.

## WAT KAN JY VERWAG?

Vir voorgraadse modules is Afrikaans en Engels die tale van leer en onderrig, wat gebruik sal word in 'n kombinasie van die volgende modusse:

- gefasiliteerde leergeleenthede (lesings, tutoriale en praktika);
- leerondersteuning deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT), byvoorbeeld video- of klank-opnames (potgooi); en
- intydse tolking gedurende sommige lesings.

Waar moontlik, sal daar vir groot klasgroepe afsonderlike lesings in Afrikaans en Engels aangebied word. In dieselfde module sal groepwerk, klasopdragte, tutoriale en praktiese sessies studente van albei taalgroepe betrek, juis om ter wille van openhartige debatvoering 'n diversiteit van idees en standpunte te kan stel. Waar Afrikaans én Engels in dieselfde lesing gebruik word, sal alle inligting ten minste in Engels oorgedra word, met 'n samevatting of beklemtoning ook in Afrikaans. Vrae word ten minste in die taal waarin dit gestel is, beantwoord. Intydse tolking in die eerste studiejaar is nog 'n moontlike vorm van ondersteuning waar dit prakties haalbaar is. Vir sommige sessies, soos praktiese veldwerk of rekenaargeletterdheid, sou tolking nie sinvol wees nie. In die tweede en daaropvolgende studiejare kan tolking op versoek van die fakulteit voorsien word.

Voorgraadse lesings mag moontlik net in een taal aangebied word waar die aard van die leerstof dit regverdig, die betrokke dosent slegs in een taal kan klas gee, of die klasgroep per stembrief eenparig vir een taal stem. Vir ten minste eerstejaarstudente sou intydse tolking na die 'ander' taal beskikbaar gestel kon word.

- Die taalmodus vir elk van jou akademiese modules sal in die betrokke moduleraamwerk en ook op jou fakulteit se webblad aangedui word.

## SÓ WORD JY ONDERSTEUN

Studente sal verder in Afrikaans én Engels ondersteun word deur konsultasies in kantoortyd; roetine-tutoriale en -praktika; inligtings- en kommunikasietegnologie ondersteunde leer (klank- en video-opnames); en die dienste van die Taalsentrum.

Alle verpligte leesstof sal in Engels voorsien word en, buiten gepubliseerde materiaal, ook in Afrikaans. Die US se moduleraamwerke en -studiegidse sal steeds in Engels én Afrikaans beskikbaar wees. In voorgraadse modules word vraestelle vir toetse, eksamens en ander assesserings in Afrikaans én Engels opgestel, en kan studente alle assesserings en geskrewe werk in Afrikaans of Engels voltooi. Die meertalige model ondersteun Afrikaanse studente wat in hul eerste studiejaar nog nie Engels op 'n akademiese vlak bemeester het nie. Danksy dié akademiese ondersteuning behoort studente teen hul finale studiejaar nasionaal en internasionaal te kan meedoen.

## JOU TERUGVOER KAN ANDER HELP OM SUKSESVOL TE STUDEER

Die Taalbeleid het nie ideologiese motiewe nie. Dit verleen nie 'n bepaalde status aan enige van Suid-Afrika se landstale nie; en die taalverdeling word ook nie deur die persentasie lesingtyd per taal gereguleer nie. Die US is van mening dat meertaligheid vir enige gegradueerde 'n addisionele bate is. Die oogmerk is wel om op praktiese wyse die onderrigtale so toe te pas dat niemand van kennis uitgesluit sal word nie; dat een taal nie op studente afgedwing word nie; en dat studente aangemoedig word om addisionele tale aan te leer.

Die implimentering van meertaligheid is kompleks en daar is nie 'n universele kitsresep om te volg nie. Die taalvaardigheid van 'n betrokke groep studente is die grootste veranderlike – dit wissel van module tot module en van jaar tot jaar. Daarom moet taaltoepassing buigbaar wees om by studente se veranderende behoeftes te kan pas. Terugvoering aan dosente is belangrik. Deel voorbeelde van suksesvolle taalimplementering met mekaar en maak asseblief voorstelle ter verbetering in 'n positiewe en behulpsame gesindheid.

Waar studente van mening is dat hul studiesukses benadeel word, of dat hulle van die akademiese aanbod uitgesluit word op grond van die onderrigtaal, kan die kwessie binne die departement en fakulteit aangemeld word, of ook via die fakulteit se verteenwoordigers in die Akademiese Belangeraad wat onder die vaandel van die Studenteraad funksioneer. As die interne prosesse nie 'n bevredigende oplossing bied nie, kan studente ook die universiteitsombud (ombud@sun.ac.za) nader.

# JOU LEERREIS NA AKADEMIESE SUKSES BEGIN HIER

Universiteit is nie 'n superhoërskool nie – dit is iets heeltemal anders. Moet dus nie verwag dat jou verwelkoming by die US met jou verwelkoming in 'n hoërskool of skoolkoshuis moet ooreenstem nie.

Die verwelkoming is die begin van 'n reis na akademiese sukses. Dié leerreis duur so lank as wat jy aan die Universiteit Stellenbosch (US) studeer. Reeds in die verwelkomingsweek begin jy die verskillende dele van jou US-lewe integreer en sal jy leer dat die koshuise, PSO-wyke en klusters waardegedrewe omgewings is wat deur gasvryheid, vriendelikheid en menswaardigheid gekenmerk word.

As nuwelingstudent betree jy 'n fase van vinnige ontwikkeling. Onthou, jou sosiale en emosionele aanpassing by die universiteitservaring maak 'n integrale deel van jou leerreis en persoonlike ontwikkeling uit. Hou veral die volgende in gedagte:

'n Nuwelingstudent gaan deur 'n intensiewe fase van verandering waartydens 'bekende' houdings, waardes en gedragspatrone dikwels aangepas en ontwikkel word. Daarmee saam ontwikkel uitdagende en inspirerende denkpatrone. (Navorsing toon dat jy en jou mede-eerstejaars gedurende die verwelkomingstyd meer gereed is vir verandering as in enige ander stadium van julle universiteitsloopbane.)

Jou bekendstelling aan sosiale en gemeenskapstrukture in die verwelkomingsweek is belangrik. Dít sluit strukture soos klusters, koshuise, PSO-wyke, mentorgroepe, fakulteite (soos studie- en tutorgroepe), sportklubs en verenigings in.

Rolmodelle wat die Universiteit se waardes uitleef en sukses op hul leerreise behaal, kan vir jou van groot nut wees.

Dit is uiters belangrik dat jy as deel van die verwelkomingsprogram die administratiewe en akademiese vereistes van jou fakulteit noukeurig en betyds nakom. Só maak jy seker dat jy op die eerste dag van klasse gereed is vir die aanvang van die akademiese deel van jou leerreis.

Die twee belangrikste ontwikkelingsfases van 'n nuwelingstudent se leerreis is:

- die hantering van vryheid (waarvoor en hoe om nee te sê);
- om namens jouself te onderhandel.

Begin reeds in die verwelkomingsweek hiermee. Meet alles van die verwelkomingsprogram aan die hand van die volgende vrae, en vra jouself hoe die verskillende aspekte van die verwelkomingsprogram by die groter prentjie inpas.

Vra jouself die volgende vrae oor elke aktiwiteit waaraan jy in die verwelkomingsweek deelneem. (Onthou, dit sluit alles in, ook jou eie besluit om soms nie aan aktiwiteite deel te neem nie.)

- Hoe bevorder dit my reis na suksesvolle studie (leerreis)?
- Stel dit my as nuwelingstudent aan positiewe sosiale verhoudinge/groepe bekend?
- Dra dit by tot emosionele stabiliteit en emosionele ontwikkeling?
- Help dit my om by gesonde luister-, leef- en leergemeenskappe aan te sluit en moedig dit my aan om selfstandig dog ook interafhanklik deel te neem?
- Skep dit 'n rustige, veilige en opbouende luister-, leef- en leerruimte waar ek duidelikheid oor die aard, inhoud, keuse en vorm van my leerreis kan kry?



# DIE US SE WAARDES, MENSEREGTE EN DISSIPLINÊRE KODE

Die Universiteit Stellenbosch (US) verwelkom oop gesprek, en wil 'n kultuur van waagmoedige debat op ons kampusse aanmoedig. Interaksie en dialoog behoort in alle aspekte van die kampuslewe geïntegreer te word: in klasgesprekke, oor 'n koppie koffie in studentenawe (hubs), alle klusters en in leefareas. Studente moet krities kan dink oor die uitdagings en kwessies in die samelewing. Dit is hoe denkleierskap ontwikkel, 'n belangrike eienskap vir ons graduandi.

## MELD KWESSIES OF KLAGTES SÓ AAN

Studente word aangemoedig om via die verskillende interne prosesse en stelsels kwessies, klagtes of griewe aan te meld. In elke fakulteit is daar studenteverteenwoordigers van die Akademiese Belangeraad (ABR), 'n filiaal van die Studenteraad, en in die sosiale omgewing het die klusters en koshuise ook studenteleiers wat studente kan bystaan. Studente kan ook met die Afdeling Studentesake in verbinding tree by: studentesake@sun.ac.za.

Indien interne prosesse of stelsels nie 'n saak na wense oplos nie, kan studente die volgende aanmeldpunte benut:

- **Ombud**

Die US het 'n onafhanklike ombud wat aandag gee aan probleme en klagtes van studente, ouers of personeel indien universiteitstrukture dit nie bevredigend kon oplos nie, of bestaande strukture onto-ereikend bevind word.

***Adv Rina Meyer***
ombud@sun.ac.za
**Kontaknommer:** 082 807 2994 of 021 883 9128
**Kantooradres:** Ryneveldstraat 34, Ryneveld Plaza, Stellenbosch
**Vir afsprake:** Grace Bruintjies at graceb@sun.ac.za

- **Etiekhulplyn**

Die US is al 'n hele paar jaar ingeteken op 'n onafhanklike etiek-rapporteringslyn vir die anonieme aanmelding van ongerymdhede. Die diens word onafhanklik deur ***Deloitte*** bestuur.

| | |
|---|---|
| **Tel:** | 0800 204 549 |
| **Faks:** | 0800 007 788 |
| **E-pos:** | sun@ethics-line.com |
| **Web:** | www.tip-offs.com |

- **Eenheid vir Gelykwaardigheid**

Voorvalle van onbillike diskriminasie, viktimisering, seksuele teistering en ander vorms van teistering kan by die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangemeld word by unfair@sun.ac.za. Neem asseblief kennis van die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering.

## DISSIPLINÊRE KODE VIR STUDENTE

Toe jy die US se aansoekvorm onderteken het, het jy onderneem om jou van alle reëls, reglemente, beleide, voorskrifte en die Dissiplinêre Kode vir Studente te vergewis. Indien jy van 'n oortreding aangekla word, kan jy dus nie onkunde as verweer gebruik nie.

Die Dissiplinêre Kode vir Studente bepaal dat 'n individu skuldig is aan wangedrag onder meer as hy/sy op onregmatige wyse inbreuk maak op 'n ander persoon se fundamentele regte soos vervat in die Handves van Menseregte, hoofstuk 2 van die Grondwet, 1996, of strydig met enige ander landswette, reëls, reglemente of voorskrifte van die US optree. Dit sluit ook in haatspraak, seksuele teistering, viktimisering, gewelddadigheid of oproerigheid; onwelvoeglike of onbetaamlike gedrag; die geestelike vernedering van mede-studente of personeel en aanranding. Gebruik dus jou goeie oordeel en tree verantwoordelik op, veral ook wanneer jy die sosiale media gebruik. **Neem asseblief kennis van die Universiteitskennisgewing oor die gebruik van sosiale media.**

Hoewel wetgewing, beleide, riglyne en kodes nodig is om 'n ordelike samelewing te verseker, beywer die US hom daarvoor om deur gedeelde waardes 'n verwelkomende kampuskultuur te skep.

## US SE WAARDES

**DEERNIS**
Erkenning van en besorgdheid oor die welstand van al ons studente en personeel

**BILLIKHEID**
Restitusie in reaksie op ons vorige nalatenskap en regverdigheid in ons strewes

**RESPEK**
Beleefdheid in ons onderlinge en openbare diskoers, behoorlike inagneming van almal se vryheid, gelykheid en waardigheid, en respek vir die omgewing

**VERANTWOORDBAARHEID**
Die aanvaarding van die hoogste vlak van verantwoordelikheid vir ons optrede

**UITNEMENDHEID**
Akademiese vryheid om kennis na te jaag wat aan die hoogste standaarde van integriteit, vernuwing en relevansie voldoen

## BELANGRIKE KENNISGEWING OOR SOSIALE MEDIA

Die Universiteit Stellenbosch (hierna "die US") erken die belang van die internet en sosiale media[1] in openbare meningsvorming oor die Universiteit, sy dienste, studente, personeel en belanghebbendes. Die US erken ook die belangrike rol van studente- en personeelinteraksie op sosiale media om gesprekke te help stimuleer. Daarom word studente en personeel aangemoedig om aanlyn oor universiteitsake of verwikkelinge in die hoëronderwyssektor te kommunikeer. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die **gebruik van sosiale media as 'n kommunikasiekanaal onderworpe is aan bestaande beleide en prosedures** van die Universiteit, in die besonder:

- die Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch (vir studente);
- die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering (vir personeel en studente); en
- die Elektroniese Kommunikasiebeleid (vir personeel en studente).

Alle studente en personeel is self verantwoordelik om hierdie beleide na te kom, en behoort tyd daaraan af te staan om dit te lees en te verstaan. Die beleide verbied wangedrag, teistering en viktimisasie op enige aanlyn platform. Aanlyn afknouery, skeltaal, naamskending, laster en/of beledigings val in dieselfde kategorie as soortgelyke kommunikasie van aangesig tot aangesig of op skrif.

Bewerings van aanlyn wangedrag, teistering en viktimisasie word dus in 'n ewe ernstige lig as soortgelyke optrede deur die tradisionele kanale van mondelinge of skriftelike kommunikasie beskou.

Persone wat deur sulke gedrag (soos wangedrag, teistering of viktimisasie op sosiale media) benadeel word, kan dit by die Universiteit Stellenbosch se **Eenheid vir Gelykwaardigheid** aanmeld, wat op hulle beurt die saak na gelang van omstandighede na die Afdeling Studentedissipline (vir studente) of die Afdeling Menslike Hulpbronne (vir personeel) sal verwys.

Die kontakbesonderhede van die Eenheid vir Gelykwaardigheid is soos volg:

- unfair@sun.ac.za
- 021 808 3136
- Victoriastraat 39, Stellenbosch

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie ontwikkel tans 'n omvattende beleid oor sosiale media. Totdat dit in werking tree, bly die bepalings van bestaande beleide en hierdie kennisgewing van krag.

*[1] "Sosiale media" word omskryf as enige mobiele of webgebaseerde toepassing ("application") of diens waardeur 'n gebruiker inhoud skep en uitruil, soos blogs, wiki's, sosiale netwerke en ander interaktiewe webtuistes. Voorbeelde van sosiale media sluit onder meer in Facebook, Twitter, YouTube, Instagram en nuuswebtuistes wat lesers toelaat om kommentaar te lewer.*



## VERSEKERING: STUDENTE EN HULLE EIENDOM

**"'n Veilige kampus vir almal"** – dié woorde gee uitdrukking aan 'n kernstrewe van die Universiteit Stellenbosch (US). Nie alleen voer die US 'n deurlopende veldtog om personeel, studente en besoekers bewus te maak van potensiële risiko's wat hul veiligheid en of gesondheid kan bedreig nie, maar waar nodig, word daar ook gebruik gemaak van die US Risikobestuur en Kampussekuriteit, asook die Suid-Afrikaanse Polisiediens, om sekuriteitsmaatreëls deurentyd toe te pas en te monitor.

Studente neem deel aan akademiese uitstappies, laboratoriumproefnemings, sport en ander vrywillige aktiwiteite, waar hulle aan risiko's blootgestel kan word. Die Universiteit neem alle redelike maatreëls om studente en hulle eiendom te beveilig wanneer hulle deelneem aan hierdie aktiwiteite en tydens hulle alledaagse kampuslewe. Dit is egter onmoontlik om alle risiko's uit te skakel.

Aangesien dit nie vir die Universiteit moontlik is om studente en hulle eiendom teen alle risiko's te beskerm nie, neem studente op eie risiko aan alle Universiteitsverwante-aktiwiteite deel.

Die Universiteit neem wel persoonlike ongevalleversekering uit vir beserings wat u kan opdoen terwyl u deelneem aan aktiwiteite wat verband hou met u studies. Die dekking sluit aktiwiteite op kampus, in laboratoriums en op uitstappies in. As u 'n eis het, moet u die universiteit onmiddellik daarvan in kennis stel. U moet ook die vorm vir versekeringseise so gou as moontlik invul. Die Universiteit is egter nie aanspreeklik vir eise wat nie deur hierdie versekering gedek word nie. Die Universiteit wil dit graag onder u aandag bring dat elke student verantwoordelik is vir sy/haar eie versekering en beveel dus aan dat hy/sy voldoende omvattende versekeringsdekking sal uitneem vir sy/haar persoonlike besittings.

## GRATIS SKRYFADVIES

**Benodig jy 'n ekstra hupstootjie met jou skryftake?
Is daar skryfkwessies wat pla?**

Die Skryflab van die Universiteit se Taalsentrum bied gratis een-tot-een skryfkonsultasies aan alle US-studente en personeel. Vriendelike, opgeleide konsultante staan gereed om studente te ondersteun en raad te gee oor hulle skryfwerk. As jy nie aan die gang kan kom met 'n skryfopdrag nie, of bekommerd is dat jou idees nie so duidelik en vloeiend is nie, kan jy by die Skryflab leiding kry. Ons staan jou by soos jy jou skryfvaardighede ontwikkel en verfyn, en dit behoort beslis tot beter punte te lei.

'n Konsultasiesessie is 50 minute lank, maar ons moedig jou aan om ook vir opvolgkonsultasies te kom totdat jy tevrede met jou skryfwerk is.

Ons doen nie redigering by die Skryflab nie. Ons gee jou eerder raad oor hoe om jou skryfwerk te verbeter. Ons streef daarna om jou as skrywer toe te rus met skryfvaardighede wat jy ook in ander skryftake sal kan gebruik – op Universiteit en daarna.

Bespreek jou konsultasie aanlyn op KENAKO, die Skryflab se elektroniese afspraakstelsel, beskikbaar op die My.SUN-portaal of besoek die Skryflab in dieTaalsentrum by Banghoekweg 44. Afsprake moet minstens 48 uur vooruit gemaak word.

**Kontakbesonderhede**
Anne-Mari Lackay (amlackay@sun.ac.za) of
Vinelene Hartley (vhartley@sun.ac.za) 021 808 2989/2161

Besoek ons webwerf vir meer inligting oor ander Taalsentrumdienste (http://www.sun.ac.za/taalsentrum).

## USKOF

### UNIVERSITEIT STELLENBOSCH KO-KURRIKULÊ ONDERSTEUNINGSFONDS

Die Universiteit Stellenbosch se Ko-kurrikulê Ondersteuningsfonds (USKOF) is 'n reisbeursfonds vir studente vir nasionale en internasionale ko-kurrikulê geleenthede, soos konferensies vir studenteleierskap en ander geleenthede wat die student en ons gemeenskap sal bevoordeel.

### KAN EK IN AANMERKING KOM OM AANSOEK TE DOEN VIR BEFONDSING?

- Het die geleentheid 'n ko-kurrikulêre tema?
- Sal ek binne die minimum tyd van my program, plus een jaar, afstudeer?
- As ek in my eerste jaar aan die US is, het ek my eerste semester suksesvol voltooi?

### WAARVOOR KAN EK DIE FONDS AANWEND?

- Vliegtuigkaartjies
- Visumfooi
- Konferensiegelde
- Verblyf
- Vervoer

Aansoeke word volgens die diskresie van die USKOF-komitee oorweeg, ingevolge die heersende COVID-19-regulasies en moontlike risiko's.

**Besoek www.sun.ac.za/uskof vir meer inligting.**




## VERWELKOMINGS-AMBASSADEURS

Studente in geel T-hemde doen gedurende die verwelkomingsweek by verskillende punte op die sentrale kampus diens om inligting en rigtingaanwysing, na die lokale waar eerstejaarstudente en hul ouers moet wees, te verskaf. Die inligtings-ambassadeurs is goed ingelig oor die programinhoud en waar die betrokke lokale geleë is. Hierdie diens is daarop gerig om 'n positiewe en verwelkomende bydra te lewer tot die eerstejaars, ouers en voogde se "Matie ervaring".

Daar is ook navrae-toonbanke in Admin B (Victoriastraat oorkant Wilgenhof) en Admin A op die T-aansluiting van Ryneveld- en Crozierstraat).

| | |
|---|---|
| **E-posnavrae** | info@sun.ac.za |
| **Telefoniese navrae** | 021 808 9111 |

## SOCIETIES COUNCIL EXECUTIVE COMMITTEE



**CHAIRPERSON**

Nomzamo Buthelezi
shenge@sun.ac.za



**VICE-CHAIRPERSON**

Sinegugu April
21743339@sun.ac.za



**ADMINISTRATIVE OFFICER**

Tamara Wicomb
22134433@sun.ac.za



**REGISTRAR**

Tebogo Mphahlele
19966121@sun.ac.za



**FINANCIAL ADVISOR**

Manqoba Mdau
20060033@sun.ac.za



**SECRETARY**

Monwabisi Petersen
21168822@sun.ac.za

@SocietiesSU

## PRE-REGISTRASIE KLARING *(VERIFIKASIE)* VAN INTERNASIONALE GRAADSTUDENTE

DOKUMENTASIE VOOR AKADEMIESE REGISTRASIE 2021

### 1. EERSTEJAAR INTERNASIONALE STUDENTE
*(Nuwelinge)*

- Eerstejaar internasionale voorgraadse **studente hoef nie aansoek te doen** om hul vrystellingsertifikaat vir matrikulasie voor registrasie vir die akademiese jaar 2021 nie.
- U moet egter seker maak dat u aan die vrystellingsvereistes voldoen, deur 'n **gewaarmerkte** afskrif van u finale uitslae aan me Carmelita Talmarkes te stuur by suiundergrads@sun.ac.za voordat dit voor pre-registrasie kan geskied.

*'n E-pos wat bevestig dat u wel aan die vrystellingsvereistes voldoen, sal aan u teruggestuur word.*

### 2. SUID-AFRIKANERS MET BUITELANDSE SKOOL-KWALIFIKASIES *(Eerstejaar studente)*

- Pre-registrasie klaring is **nie** van toepassing op hierdie studente nie.
- Studente moet skandering van hul **oorspronklike finale uitslae** aan Me Chantal Grove-Le Guillou stuur by chantalg@sun.ac.za.

### 3. PRE-REGISTRASIE KLARING
*(Verifikasie van Dokumente)*

Pre-Registrasie klaring geskied vanaf Maandag, 4 Januarie 2021. **Alle** internasionale studente moet afskrifte van die ondersteunende dokumentasie verskaf vir pre-registrasie klaring goedkeuring voordat hulle vir die akademiese program kan registreer.

E-pos die nodige dokumentasie na die volgende e-pos adresse en gebruik u **VAN** en **US STUDENTENOMMER** as verwysing.

| | |
|---|---|
| Stellenbosch Kampus: | intpreregistration@sun.ac.za |
| Tygerberg Kampus (Voorgraads): | bdgeyer@sun.ac.za |
| Tygerberg Kampus (Nagraads): | stimm@sun.ac.za or |
| Tygerberg Kampus (Nagraads): | mdamon@sun.ac.za |

→ **Gesertifiseerde afskrif** van geldige paspoort
→ **Gesertifiseerde afskrif** van geldige studievisum uitgereik vir studie aan die Universiteit Stellenbosch of Bewys van Permanente Verblyfreg / Vlugtelingstatus / Asielsoeker status
→ Bewys van geldige mediese dekking in Suid-Afrika
- *Studente word aangeraai om die lys van Studente Mediese Dekkingsopsies op die volgende webwerf te sien: www.sun.ac.za/international.*
- *Mediese dekking is **nie** verpligtend vir Permanente verblyfreg, Vlugtelingstatus en Asielsoekers nie*

→ Bewys van minimum verpligte aanvanklike fooi of Beursbrief

*'n Bevestigings e-pos sal aan u teruggestuur word sodra die pre-registrasie klaring afgehandel is, en u kan dan voortgaan met aanlyn registrasie vir u akademiese program.*

**Alle voorgraadse internasionale eerstejaarstudente** moet dieselfde verwelkomingsprogram as die SA-studente volg volgens die volgende skakel: www.sun.ac.za/welcome.

*Sluit asseblief u **VAN** en **US STUDENTENOMMER** in die onderwerp lyn van alle e-pos korrespondensie.*

**Laat asseblief minstens 3 werksdae responstyd toe.**

## BIBLIOTEEK

Oriëntering word op 8 en 9 Maart in die Universiteit Stellenbosch Biblioteek aangebied om nuwe studente vertroud te maak met die volgende aspekte van die biblioteek:

- Bibliotekaris: ontmoet joune
- Eerstejaarsinligting op die biblioteek se tuisblad
- Eerstejaarstake: "assignment step by step"

**DEELNEMERS AAN DIE ORIENTERINGSPROGRAM STAAN 'N KANS OM PRYS TE WEN.**




Oriënteringsprogramme word ook by die volgende takbiblioteke aangebied: Teologie, Musiek, Ingenieurs & Bosbou en Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe. Die oriënteringsprogram word in die daaropvolgende week met individuele opleiding, onder die vaandel GetSmart@URLibrary, opgevolg.

Ons nooi graag alle ouers van eerstejaarstudente om die Universiteit Stellenbosch Biblioteek tydens verwelkoming te besoek. Kom kyk na die fasiliteite en dienste wat aan Matiestudente beskikbaar is. Besoek ons wêreldklas Africana versameling, Leersentrum en E-klaskamer. Ons E-versameling sluit alle onderwerpe in, beide plaaslik en internasionaal.

Die biblioteek is verbind tot die ondersteuning van die akademiese sukses van studente.

**FAKULTEITSPROGRAMME DUI DIE DATUM EN TYD VAN BIBLIOTEEKBESOEKE AAN!**

| | |
|---|---|
| **Navrae** | Pieter du Plessis |
| **Tel** | 021 808 4882 |
| **E-pos** | pduplessis@sun.ac.za |
| **Web** | www.library.sun.ac.za |

## MATIES SPORT




# JY! JA, JY!

Het jy sport gedoen toe jy op skool was? Oorweeg jy dit om by 'n sportklub by die Universiteit Stellenbosch aan te sluit? Doen dit! Ons bied tot 'n E-sport-liga. En as sport nie vir jou is nie, kan jy steeds deel wees van die maroenmasjien deur 'n #MatiesMVF *(most valued fan)* te word. Volg ons op Facebook, Instagram en Twitter en word deel van die groter Maties Sport-familie.

Maties Sport heg groot waarde aan die bydrae wat sport tot studente-sukses kan lewer – hetsy jy 'n hoëprestasie-atleet is, of iemand wat net graag aktief en gesond wil wees.

Deelname aan sport leer studente selfdissipline en tydsbestuur en bied 'n belangrike uitlaatklep vir stres en spanning. Of jy nou op mededingende vlak aan sport deelneem of net vir ontspanning – dit bied aan jou die geleentheid om te sosialiseer, vriende te maak en 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl te handhaaf. Maties Sport aanvaar medeverantwoordelikheid vir die optimale holistiese ontwikkeling van studente-atlete en die bemagtiging van hoëprestasie-atlete.

Daarom belê Maties Sport in sy hoëprestasie-sportkodes sowel as sy aktiewelewenstylprogram – en dit bied aan ALLE studente die geleentheid om 'n gesonder en gelukkiger lewenstyl na te volg.

Maties Sport het 30 sportklubs, wat dit maklik maak om 'n sport te vind wat by jou behoeftes en vaardighede pas.

Hoëprestasiesportkodes is: rugby, hokkie, netbal, sokker, atletiek, swem, krieket, basketbal, en tennis. Mededingende sportkodes is: fietsry, tafeltennis, muurbal, pluimbal, gholf, gimnastiek, roei, kanovaart, seil, waterpolo, branderry, judo, perdry, vlugbal, skerm en skaak. Rekreasie en 'n aktiewe lewenstylsportkodes is: perdry klub, onderwatersport, vlugbal, Ultimate (frisbee) en rasieleiers *(cheerleading)*. Die Maties Parasport-klub bied ook atletiek, swem, fietsry, rolstoelrugby en doelbal vir persone met gestremdhede.

Jy sal die geleentheid hê om deel te neem aan plaaslike sowel as streek-, nasionale en selfs internasionale kompetisies, soos:

- Varsity Cup, Varsity Sports, Intervarsity en USSA;
- Streek- en plaaslike ligas;
- Koshuisligas en -kompetisies.

Net 'n paar studente-atlete sal die voorreg hê om vir 'n Varsity Cup, Varsity Sports of USSA-span gekies te word, maar dit is nie 'n rede om by die huis te bly nie. Die fokus val net soveel op die ondersteuners as die spelers, en daarom het Maties Sport 'n veldtog begin om #MatiesMVF's *(most valued fans)* aan te moedig om hul spanne te ondersteun wanneer hulle tuis speel.

**BAAT BY:**

- Die Eenheid vir Hoëprestasiesport (https://blogs.sun.ac.za/highperformance). Bystand fokus hoofsaaklik op drie kernareas: Sportmedisyne, prestasieverbetering en bemagtiging;
- Die Eenheid vir Rekreasie en 'n Aktiewe Lewenstyl (RALU) wat die fisieke welwees van studente en personeel bevorder en 'n omgewing skep waar nie-konvensionele sport en aktiwiteite geniet en gespeel kan word;
- Die Sentrum vir Sport Leierskap;
- Maties Gimnasium.

**LAAI AF:**

- Kry die Maties App en bly op hoogte van alles – veral sportgebeure wat op kampus plaasvind.

**KONTAKINLIGTING:**

| | |
|---|---|
| **Tel:** | 021 808 4642 |
| **E-pos:** | matiesport@sun.ac.za |
| **Web:** | www.sun.ac.za/sport |
| **Facebook:** | www.facebook.com/SUMatiesSport |
| **Twitter:** | @MatiesSport |
| **Instagram:** | MatiesSport |




# MATIES GIMNASIUM

Ons wil graag alle 2021 studente amptelik verwelkom. Ons hoop opreg dat u en u geliefdes almal veilig, fiks en gesond sal wees.

Hou asseblief in gedagte dat die gewone sosiale afstandsbeperkings van 1.5m steeds in plek is. Tot verdere kennisgewing, sal jou temperatuur steeds gemonitor word wanneer jy die fasiliteit besoek. Alhoewel ons elke dag'n konstante skoonmaak regime het vir sanitasie, sal ons jul hulp waardeer. Hou asseblief aan om gereeld jou hande en die toerusting voor en na gebruik te saniteer. Maties Gimnasium se Gedragskode is steeds beskikbaar op https://youtu.be/AIcE_n7RDnE

Neem kennis dat die dra van maskers in die gimnasium verpligtend bly, behalwe wanneer jy aan kragtige oefening deelneem terwyl jy 'n sosiale afstand van minstens 2m van ander lede hou. Onthou asseblief om steeds van ons aanlyn besprekingsplatform gebruik te maak om jou gimnasium besoeke te bespreek. Besprekings kan tot 7 dae vooruit gemaak word deur op die volgende skakels te klik:

**Stellenbosch:** http://bit.ly/matiesgymstellies
**Tygerberg:** http://bit.ly/matiesgymtygerberg







Neem asseblief kennis dat studente voorkeur tariewe ontvang! Alle Studente van die Universiteit Stellenbosch, wat vir 2021 geregistreer is, ontvang 'n 15% afslag op ons normale gimnasiumfooie. Daarbenewens bied ons verskillende lidmaatskap opsies van 1 tot 12 maande en dit is moontlik om jou studenterekening te gebruik om jou gimnasiumfooie te vereffen (voorwaardes geld). Sien asseblief ons webwerf vir meer inligting of kontak die gimnasium direk by die kontakbesonderhede aan die einde van hierdie nuusbrief.

Ons is opgewonde om nuwe toevoegings tot ons bestaande gimnasium programme vir 2021 aan te kondig. Indien jy jou eerste half marathon of vol marathon wil hardloop, deelneem aan 'n fietsry gebeurtenis of oortollige gewig wil verloor in die nuwe jaar, het ons 'n program vir jou:

| | |
|---|---|
| **Run Fit** | 16 weke hardloop en gimnasium program teen R 1 200 |
| **Cycle Fit** | 16 Weke fietsry en gimnasium program teen R 1 200 |
| **Fit for Weight loss** | 6 maande program teen R2 200 (sluit 'n maaltyd plan en oefen program in) |
| **Strength Fit** | 4 Week gimnasium program teen R 200 |
| **Muscle Fit** | 4 Week gimnasium program teen R 200 |

**Kontak Dexter Chapman (dexterc@sun.ac.za)** vir meer inligting oor hierdie en ons ander programme.

As jy nog nie ons fasiliteit besoek het nie, kom gerus in vir 'n gratis toer!

Ons hoop om jou binnekort in Maties Gimnasium te ontmoet.


Vriendelike Groete,

*Maties Gimnasium*
